DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**27 Junie 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 2 Petrus 3: 1-18 |
| **Tema** | Hou die regte focus in hierdie lewe. |
| **Sang** | Pslam 149: 1, 2<br>9: 1, 7<br>105: 1, 6<br>146: 3, 8 |

Ons teks begin met hoop: “terwyl julle hierdie dinge verwag”. Hierdie dinge - julle hoop op die nuwe hemel en aarde waarin geregtigheid woon. Dit is Christus se belofte. Daarop hoop ons. En hoop laat lewe.

1. God se lankmoedigheid moenie ons hoop laat verflou nie

2. Wêreldgelykvormigheid moenie ons hoop laat verander nie

1. God se lankmoedigheid moenie ons hoop laat verflou nie

Die eerste helfte van hoofstuk 3, die einde van die huidige wêreldorde. ‘n Vuurvloed sal die kosmos tot ‘n einde bring. ‘n Vuur meer intens as die vuur wat edelmetale smelt. Al wat anderkant uit sal kom, is God se belofte in  Christus. Daarom die roep die apostel: Beywer julle, dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede. Die rede: Ons Verbondsgod se lankmoedigheid is ‘saligheid’. Die tweede generasie Christene het skepties begin raak oor die wederkoms. Dit het nie gebeur nie. Almal is intussen oorlede. Maar die apostel beklemtoon: die Here is lankmoedig. Hy is geduldig. Hy gee kans vir berou en bekering. Sy geduld beteken saligheid vir diegene wat verlore sou gegaan het!

God laat die wêreldgeskiedenis gebeur sodat die getal van die uitverkorenes vol kan word. En Hy gee vir julle, wat aan Christus behoort, geleentheid om aan julle lewe van toewyding, gestalte te gee. Tyd om julle gereed te maak vir die bruilofsfees, om julle mooi te maak met die vrugte van die Gees. Soos v 14 sê: sodat julle nie in vodde nie, maar mooi en skoon kan wees. Moenie vir die dag lewe nie, maar vir God. Christus het ons geleer om altyd gereed te wees - die gelykenisse van die vyf dwase en vyf verstandige meisies.

Wees altyd gereed vir die koms van die Here. Ons verwag die herskepping van alles. Ons verwag 'n groot bruilofsfees. Ons verwag die Messiaanse vrede. Dit is waarop ons hoop. Dit is waarop ons ons voorberei. Maak nie saak waar ons woon op aarde nie, dit is ons fokus, dit is ons eindbestemming. Ons mag nie hierdie fokus verloor nie. Ons verwag iets veel groter en heerliker as wat hierdie huidige bedeling ons ooit kan bied!

2. Wêreldgelykvormigheid moenie ons hoop laat verander nie

Petrus sê dat Paulus, presies dieselfde boodskap bring. Hy het aan dieselfde mense geskryf. Al Paulus se briewe het 'n brandende verwagting van Christus se wederkoms. Wie die Bybel verdraai en aanpas, doen dit tot hulle eie ondergang. Trouens, hulle verdraai die hele Bybel. En daarom roep Petrus ons op om die Woord te aanvaar as boodskappe met Goddelike gesag. Hulle is gestuurdes op gesag van Jesus Christus. In v 16 waarsku hy dat verdraaiing van die Bybel tot jou ondergang sal lei. Pasop vir die dwaling van sedelose mense. Mense wat hulle gehoor tevrede wil stel. Bly by wat jy geleer het. Preek die wederkoms. Spotters sal daar altyd wees. Maar God staan vas en so ook Sy beloftes.

Die eerste gemeentes het begin afskuif van die fondament waarop hulle geplant is. Petrus trek hulle nou weer terug. Die gemeentes moet koers hou. Meer nog, ons moet toeneem in die genade en kennis van ons Here en Saligmaker. Ons lewe 20 eeue verder en ons situasie het min verander. Die golwe van dwaling, openlike kettery en gelykvormigheid is golwe wat aanhou breek teen die fondament van Christus. Die Heilige Gees druk dit vandag op ons harte: Moenie ingee onder die druk nie. Bly by Christus se waarheid. Hy is ons Hoeksteen! Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die toekoms. Die ewigheid behoort aan die Here. Elke generasie wat nog gebore sal word, regeer Hy vanaf sy hemelse troon. En Hy sal terugkom, wanneer die geduld van die Vader voltooi is. Amen.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here dat Gerhard Maritz tuis is en ons bede is dat die wonde vinnig sal genees.
* Ons bid vir almal wat in nood verkeer. Mag die Here ons in ons geloof versterk en ons deur die komende tyd bewaar en dra. Ons het die sekerheid dat ons lewe in God se hand is.
* Die Kerkraad wag op verdere aankondigings deur die regering. Ons sal terwyl ons tot 50 lidmate per diens beperk is ook die dienste uitsaai. Sou daar ‘n verbod op byeenkomste geplaas word, sal ons alternatiewe reëlings tref. Ons sal u deurentyd op hoogte hou deur sms’e te stuur.
* Dr Thinus du Plessis neem DV die erediens op 4 Julie waar en Prof Gert Jordaan op 11 Julie. Ons bid hulle die seën van die Here toe op die Woordverkondiging.
* Dankie Douw Venter wat weer vir ons die kamera sal hanteer.

# DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderlinge en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**



*GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Verbly julle in die hoop;*
*staan vas in verdrukking;*
*volhard in gebed.*

*Romeine 12: 12*



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 27 Jun | Marileen De Witt | 19 | B | 081 480 1905 |
| Ma 28 Jun | ***Buks Korff *****<br>Hilda Hattingh | ***82***<br>62 | B<br>B | 083 958 3775<br>072 921 8060 |
| Do 1 Jul | Chane Meintjies | 25 | B | 079 250 2338 |
| Vr 2 Jul | Gideon De Klerk | 60 | B | 082 805 8947 |
| Sa 3 Jul | ***Gerda Marx ****<br>Marius Schutte | ***74***<br>56 | B<br>B | 079 510 8209<br>082 414 8183 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 3 Jul 2004 | Marius en Veronica Schutte | 17 | 082 414 8183<br>072 484 9623 |

## KONSISTORIEDIENSBEURTE

**Diensbeurt:** Wyk

**Katkisasie:**

**Ouderling:**

**Diaken:**

## TEESKINKBEURTE

**27 Junie 2021** GEEN koffie of tee sal bedien word na die erediens nie



**4 Julie 2021** GEEN koffie of tee sal bedien word na die erediens nie.


**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**


## DATUMS OM TE ONTHOU

Lidmate moet asb kennis neem dat daar tans GEEN Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal weer later hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

## BASUIN PLASING


As enige lidmate 'n betroudare bediende soek (Woensdae beskikbaar) kan hulle die kerkkantoor skakel.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
MRT
APR
MEI
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
R 36 064.00
R 27 227.60
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed  R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Geliefdes, julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie. Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.*
*Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen.*
*2 Petrus 3: 17 en 18*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS